# Tentoonstelling wat sy saak sou verloor

M.A. Nolte

**TENTOONSTELLING: Streekuitstalling van inskrywings vir Volkskas Atelier Prys. By die Kunsvereniging van Bellville, Biblioteeksentrum. Tot 30 Junie.**

OF iemand sy aandag/denke behoórlik aan 'n vraagstuk bestee/aangewend het al dan nie, is in die regte soms 'n argument wat 'n saak kan maak of breek. Veel hiervan geld vir hierdie kunskoekstruif op pad na die Volkskas Atelier.

Beoordelaars én kunstenaars toon tekens van 'n verstommende gebrek aan konsentrasie op 'n taak wat so beslissend, opwindend en rigtinggewend behoort te wees.

Waar hulle in die gees van die gevierde toekenning 'n vertoning moet gee van die beste van eietydse (jongere) Suid-Afrikaanse kuns, is wat hier opgedis word, uiters lig in die broek..

As die opkoms in Kaapstad verlede jaar 'n swak oes met onnutsige keuring was, is hierdie tentoonstelling simptoom dat die ganse projek – wat die Kaap ieder geval betref – ernstig krank is.

Is Suid-Afrika se jonger kuns werklik só futloos oppervlakkig? Waarom neem talentvolles nie deel nie? Is dit die koers wat die amorfe beoordelingsproses inslaan wat die werklike snypunt-kunstenaar uitsluit of afskrik?

Benewens die twyfelagtigheid van sommige van vanjaar se gesalfdes (die "NFS" in die katalogus dui op die werke wat vir die eindrondte Pretoria toe reis), wonder 'n mens of die keurders nie minder papbroekig moet wees nie. Trek doodeenvoudig die prop uit sodat die meeste wei van middelmatigheid uitloop.

Dis vantevore genoem dat aan die beter kunstenaars oneer betoon word as hulle kreatiwiteit tussen swak en simpel moet rondspoel. En dis kwalik aansporing.

Om dié rede kan 'n mens 'n appeltjie skil met die kunstenaars wat geen poging aanwend nie. Werke wat reeds meer maal vantevore in ander kunslokale gaan draai het, trek doodeenvoudig nie die aandag nie, behalwe as dit werklik aangrypend is.

Strijdom van der Mewe se foto-samestelling, byvoorbeeld, is 'n effe dokument van 'n afgelope konteks – en flou in die lig van die treffende tentoonstelling wat hy pas in juis hierdie lokaal gehad het. So op sy eie, is die selfbewustheid van dié geraamde werk so teenstrydig met die aardsheid wat sy werk andersins daardie vlym gee.

Miskien is dié kliniese aanbieding simptoom van die proses en hoe dit aangejaag word.

Te midde van "ongeërgde gewoonheid" verg dit behoorlik kyk om die trefkrag te peil van Johan Scott se enigmatiese en opera-kragtige *Goeie Hoop* – 'n verdere ontwikkeling in sy komplekse kunsondersoeke van geskiedenis en betekenis – en Johan Louw se drietal boeiende drama-skilderye sonder titels en veel grys misterie.

Enkele ander dring ook na vore: Cirkine Roussouw se twee skilderye oor vroue in Mosselbaai, is gelaai met inheemse sosiale fantasie en sagte moraliteit, en uitstekend geskilder. (Vreemd genoeg nie gekeur nie.) Denise Penfold se vorm-ondersoeke na *Paraphernalia,* Fritha Langerman se hospitaal-opstelle en Diane Page se stadskappe is goed genoeg, maar reeds gesien. En Lucretia Haumann se aweregse "vleisobsessie" moet nog ontwikkel, veral skilder-gewys.

Dit wil voorkom asof die kwas en doek die klaarblyklike medium vir gerekende en bekwame kunstenaars is, want beeldhouwerke is skraal verteenwoordig. Sieberhagen se *Pelgrims* is vindingryk genoeg, terwyl Thomsanqua Kiti se nou bekende bruidfiguur statig uit die hout uitstaan.

Vir die res is daar middelmatighede, lawwighede, studente-eksperimente en "probeer ook maar".

Wat die Kaapse oes vir die Volkskas Atelier se toekoms gaan beteken, is 'n vraag waarop hierdie tentoonstelling maar 'n moedelose antwoord is.